



## Pellissier gemeente: 'n Seisoen van Dieper

### SONDAG 26 Mei 2019

#### NAGMAAL alle dienste

**08:15 & 10:00** Charles James

**Teks:** Lukas 18:9-14

**Tema:** Bakhand voor God

**Deurkollekte:** Bediening Jeug Vrystaat

#### Pellissier kinders - Kleur Kabouters, KFC en Fxit

-Ons nooi al ons **kinders** uit om tydens Nagmaal die eredienste saam met hul ouers by te woon.

-Alternatiewelik is daar 'n poppekas geleentheid by Pres. Brand Skool om 08:15 en 10:00.

**10:00** **Pienkvoetjies:** 0 - 3 jaar in die keldersaal

**18:30** Jong Erediens

**Tema:** Tot God luister

### DONDERDAG 30 Mei 2019

#### HEMELVAART

**18:30** Danie van Tonder

### SONDAG 2 Junie 2019

**08:15 & 10:00** Rikus Hattingh (**DOOP**)

**Deurkollekte:** Geestelike Bearbeiding van naskoolse jeug en multikulturele bediening

**18:30** Jong Erediens

### DEURKOLLEKTE Sondag, 19 Mei 2019

Opleiding Teol. Studente: Bedrag ingesamel

#### Kosmandjie-bediening

**Baie, baie dankie** vir almal wat vandag produkte saamgebring het, asook vir die kontant skenkings wat ontvang word. Elke bydrae maak 'n verskil in iemand se lewe.

Sonder jou hulp sou dit nie moontlik gewees het nie!

#### FONDSINSAMELING VIR DOEPHUIS

#### SEE-VAKANSIE GEDURENDE SEPTEMBER 2019

Vandag sal die houertjies vir hierdie fondsinsameling vir die laaste keer beskikbaar wees, om voldoende tyd toe te laat om die houers met R5 stukke te vul en voor 31 Julie in te dien. Diensgroepede sal met die houertjies by al die deure beskikbaar wees.

Vanaf 2 Junie sal daar 'n houer by al die deure sowel as by die DVD-toonbank wees waarin jy die gevulde houertjies kan plaas. Die Diensgroep sal weekliks al die houers se geld by die kerkkantoor inbetaal. Baie dankie aan elkeen wat hierdie projek ondersteun, jou bydrae word opreg waardeer.

# Pellissier

Gebedsbediening

“En onthou: Ek is by julle tot die einde van die wêreld.” Matteus 28:20

## Gebedsversoeke vir die week

1. Bid vir die werking van die Heilige Gees in elkeen van ons se lewens.
2. Bid vir die nuwe regeerders van ons land. Bid dat hulle die land sal regeer volgens die wil van God.
3. Bid vir lidmate in ons gemeente wat gebuk gaan onder finansiële druk.

### KAN ONS VIR JOU BID?

Indien jy 'n behoefte het aan voorbidding sal daar 'n persoon / persone in die voorportaal wees met 'n groen knoop op hul klere. Jy kan ook jou gebedsversoek in die houtposbus in die voorportaal plaas. Gebedsversoeke kan anoniem hanteer word as jy dit so verkies. Kontak Sammy Holliday by 082 554 7264.



**Kom bid elke eerste Sondag van 'n maand saam met ons tussen die twee eredienste in die moederskamer. Almal is welkom!**

### - DOOP -



#### Doopgeleentheid vind elke eerste Sondag van 'n maand plaas.

Indien jy graag jou baba wil laat doop op **Sondag, 7 Julie om 09:00** word jy versoek om die doopregistrasievorm te voltooi en nie later as **Maandag, 3 Junie** by die kerkkantoor in te handig nie. Doopgesprek met ouers **Maandag, 10 Junie om 18:00** by kerkkantoor.

### DVD van EREDIENSTE

Bestel jou DVD van die eredienste / doop en Pinkster-reeks 19 - 22 Mei 2019 by die ontvangs-area in die voorportaal of alternatiewelik SMS/ WhatsApp jou naam, kontaknommer en die erediens-datum na Basie Botha by 082 777 2211.

**DVD's word die daaropvolgende Sondag afgehaal.**

## Dagboek vir die week!

28 Mei	<b>09:00</b> Senior Bybelstudie - Kapel & Keldersaal
28 Mei	<b>18:00</b> Pellissier @ Wêreld - Volhard in gebed! In die kleuterkamer by die kerkkantoor
30 Mei	<b>18:30</b> Hemelvaart - Erediens in die kerk
31 Mei	<b>18:00</b> Tekkiebende - Keldersaal Kontak, Ilandri by 082 562 2562
1 Julie	<b>06:00</b> Pellissier Manne Kontak, Piet de Wet 082 453 8419

# Pellissier

Belangegroep

- Bly Gesond stapgroep - Sandra Swart 072 705 3339
- Bergfiets - Jannie de Wet 083 445 3108
- Golf - Willie Paulsen 083 231 0466
- Hardloop/loop - JD Jansen v Rensburg 082 475 8231
- Jong Werkende Ongetroudes - Debbie Swanepoel 073 486 6370
- Kampeerders - PS Venter 081 428 6772
- Koffie@Vrydagaand - Elsmarie Engelbrecht 082 829 5144
- Kreatiwiteitsgroep - Leana van Vuuren 073 310 7436
- Motorfietsry - Charles van Schalkwyk 082 893 4210
- Paintball - Bennie Botha 078 406 7206
- Visvang - Frikkie van Wyk 083 441 3907
- Wynproewers - Gerda Stander 083 451 3979
- 4 x 4 - Koos Janse van Rensburg 082 556 0446

### Hospitaal of Tuisbesoek - Besoekes geskied op grond van AANMELDING.

Ons wil jou graag besoek, maar ons kan dit slegs doen as ons van jou weet. Indien jy besoek wil word, of weet van iemand wat besoek wil/moet word skakel asb. vir Sandra by die kerkkantoor **OF** SMS/WHATSAPP Rossouw Botes by 083 653 2287 **OF** meld asb. by die **ONTVANGS-AREA** in die voorportaal aan. Die besonderhede sal daar geneem word.

**NUWE LIDMATE EN BESOEKERS** - Indien jy meer wil weet oor ons gemeente, of by 'n omgegroepe wil inskakel, kan jy gerus na die eredienste die INLIGTINGS-TOONBANK in die voorportaal besoek. Alternatiewelik kan jy gedurende die week die kerkkantoor skakel of besoek.